Verder is dit ook belangrik om in ag te neem dat ekonomiese groei nie noodwendig vir alle dorpe die wenslike strategie is nie, omdat die sterk punte van dorpe verskil soos byvoorbeeld een dorp se sterk punt kan geleë wees in sy bestaande karakter terwyl die menslike behoefte en vaardigheidsontwikkeling groter prioriteit in 'n ander dorp behoort te geniet.

Ten einde die ontwikkeling van dorpe met 'n bewese ontwikkelingspotensiaal te stimuleer met in agneming van die **NSDP** riglyne moet die volgende aandag geniet:

- Bepaal die vergelykende voordeel wat 'n dorp se ekonomie het met betrekking tot ander dorpe asook die dorp se toekomsvisie en kanaliseer ontwikkeling vir die dorp op 'n wyse wat die spesifieke voordele beklemtoon.
- Die ontwikkelingstrategie behoort selektief te wees deur ontwikkelingshulp te verhoog in dorpe waar menslike ontwikkelingsbehoefte die hoogste is en dorpe waar ontwikkelingspotensiaal die hoogste is
- 'n Groeistrategie moet vir elke dorp bepaal word wat nie alleenlik gebaseer is op die historiese bevolkingsgroei koers tendense nie, maar ook op die toekomsvisie, unieke eienskappe, ekonomiese realiteite en omgewingsindikatore (erfenis, natuurlike elemente, landskapeienskappe, ens.)

4.4 Tourism

Tourism in the Cape Agulhas area has a large potential for growth and development. Cape Agulhas is well known for its unique diversity of communities, cultures and natural resources, which has large potential for sustainable tourism. The coastal areas offer large tourism potential. Cape Agulhas with the Southernmost Tip of Africa as an international focal point on the African continent is arguably one of South Africa's most untapped tourism resources.

Die onder ontwikkeling van die area as 'n toeriste destinasie kan toegeskryf word aan 'n reeks faktore insluitende infrastruktuur, bemaking, akkommodasie en die beeld van die area. Ten einde oplossings te vind om die toerisme potensie van die area te ontsluit en volhoubare ekonomiese ontwikkeling te bevorder kan die Raad fokus op intervensies wat die volgende insluit:

- Infrastruktuur vir toerisme – verbandhoudende sektore sowel as vir ekonomiese ontwikkeling
- Ontsluiting van geleenthede wat die kuslyn bied
- Ontwikkeling van mees suidelikste punt in Afrika
- Ontsluiting van munisipale grond vir ekonomiese ontwikkelingsdoeleindes
- Bevordering van Elim as 'n nasionale gedenkwaardigheid
- Opgradering van die pad tussen Gansbaai en Bredasdorp en maksimaliseer die effek wat dit op die plaaslike ekonomie kan hê deur opnames te doen en programme en projekte te inisieer wat dit kan bevorder.

4.5 Sukses Faktore vir Ekonomiese Ontwikkeling

Kritiese sukses faktore vir die bevordering en ontwikkeling van die ekonomiese en toerisme groei in die Kaap Agulhas gebied sluit die volgende in:

- Ekonomiese Ontwikkelings Plan
Insette van al die rolspelers soos vroeër in die hoofstuk genoem is, moet deel uitmaak van die inhoud. Die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme het tydens 'n Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelings inligtingsessie met al die munisipaliteite 'n spesiale taakspan beskikbaar gestel om Kaap Agulhas Munisipaliteit in die verband te ondersteun.

- **Visie**
Die visie moet uitvoerbaar wees en moet duidelik aandui waarheen die Raad op pad is in terme van ekonomiese ontwikkeling en hoe die Raad daar wil uitkom. Sterk leiereienskappe is nodig om die visie te laat realiseer en rigting te gee.
- **Politieke wil, -inkoop en ondersteuning**
Ekonomiese ontwikkeling kan tot 'n groot mate gestrem word indien daar nie 'n politieke wil, -inkoop en ondersteuning is nie. Dit sluit in:
 - Begrip vir die sosio-ekonomiese voordele wat verkry kan word deur ekonomiese ontwikkeling
 - Verbintenis tot die ontsluiting van ekonomiese potensiaal deur beplande volhoubare ekonomiese ontwikkeling
 - Uitklaring van rolle en verantwoordelikhede in die publieke sektor
 - Inisieëring en bestuur van spesifieke programme en projekte wat ekonomiese ontwikkeling kan bevorder
 - Ondersteuning van die hele ekonomiese ontwikkelingsproses deur magtigings regulasies, voorsiening van riglyne, befondsing ensovoorts te verskaf.
- **Bewaring van die natuurlike omgewing**
Volhoubare en verantwoordelike integrasie van die natuurlike omgewing wat die berge, wilde diere, biodiversiteit en die ongerepte skoonhede van die natuur insluit. Kenmerkende pogings is reeds in terme van bewaring gedoen deur onder ander andere die stigting van die Agulhas Nasionale Park en die De Hoop Natuur en Marine reservaat asook die beheer van toegang vir 4 x 4 voertuie op strande en ander voortgesette projekte soos die Agulhas Biodiversiteit Inisiatief.
- **Maksimaliseer kulturele potensiaal in die gebied**
Die Kaap Agulhas gebied het uitsonderlike kulturele hulpbronne wat nie almal tot hul volle reg ontgin is nie, maar wat enorme potensiaal het vir toerisme en ekonomiese ontwikkeling. Dit sluit in:
 - Argeologiese terreine soos die historiese vissers afvalhope en die visstrikke wat waardevolle insig bied in die lewens van die tradisionele Khoi mense wat vroeër die gebied bewoon het.
 - Museums, monumente en ander gedenkwaardige terreine wat die Skeepswrak museum in Bredasdorp en Skepe begraaftplaas langs die Agulhas kus insluit.

- Die vissershuisies by Struisbaai en Waenhuiskrans
 - Die sendingstasie, Elim
 - Die historiese lighuis in Agulhas
 - Victoriaanse argitektuur soos gevind by die Melkkamer en opstal by Potberg in die De Hoop Natuur Reserwaat
 - Verskillende feeste wat in die gebied gehou word soos die Geelstert fees en die jaarlikse Agri-Mega landbouskou
- Toegang

Een van die belangrikste fokuspunte vir volhoubare ekonomiese ontwikkeling is toegangsmoontlikhede tot 'n sekere gebied. Dit sluit in gemaklike toegang tot verskillende gebiede, attraksies, toerisme produkte van die omgewing asook 'n verbintenis met omliggende besienswaardighede en ander gebiede wat aansluit by die Kaap Agulhas gebied. Die padprojek tussen Gansbaai en Bredasdorp wat in die proses is om geteer te word, ontsluit 'n groot moontlikheid van toerisme en ekonomiese potensiaal vir die gebied. Huidiglik verloor die Kaap Agulhas gebied toerisme en ander ekonomies bevorderlike geleenthede as gevolg van die kwaliteit van paaie na en binne die gebied.
 - Ander sukses faktore vir volhoubare ekonomiese ontwikkeling wat die Raad onderneem om te ondersteun deur 'n fasiliterende en insisieërende rol te speel, sluit in:
 - Die sluit van vennootskappe soos met die gedeeltelike kommersialisering van die lugmagbasis buite Bredasdorp wat tans in proses is.
 - Voorsiening van akkommodasie
 - Bestreiding van seisoenaliteit met die klem op volhoubare werkskeppingsinisiatiewe
 - Sektorale ondersteuning

4.6 Projects for Economic Growth and Development

Cape Agulhas Municipality are involved in various economic activities in the area. Projects include the following:

- Various festivals take place in our area on an annual basis and the municipality supports each and every one.

- Hot – Agter – Klip project, which is a project, is in Struisbaai that provides business opportunities for BEE's and for local people to market and display their arts and craft.
- The provision of small pig farming
- The relocation of live-stock from informal settlement to commonage
- The Napier Agri-Dwala Small farmers project
- Other LED projects in conjunction with ODM, provincial government and other roleplayers e.g. Agri – Mega week, Bredasdorp-Elim-Gansbaai road project, Airport project, development of the harbours in Arniston and Struisbaai.

CHAPTER 5


Long Term Growth and Development

5.1 Spatial Perspective

In the previous cycle of Integrated Development Planning (2005-2006), as part of reaching an inter-municipal agreement on future planning focuses and challenges within the broader Overberg District context, each local municipality determined the future development picture for their specific area. **Map 2** indicates the Cape Agulhas focus area for development. The Western Cape Growth Potential of Towns Study also played a role in identifying shared areas of impact and development potential of towns in Cape Agulhas.

It should be kept in mind that the new Council, which was elected in March 2006 did not have time to accept or reject this approach in line with the NSDP principles. This picture of development for Cape Agulhas is therefore only starting to emerge and can be used as a platform for discussion.

Map 2: Cape Agulhas Municipal Development Perspective



5.2 Position of the municipality in the region

Cape Agulhas Municipality agreed that their primary focus would be on Bredasdorp as the town with the highest development potential and the primary service centre of the municipal area.

Struisbaai/Agulhas and Napier were rated as almost even in potential as far as especially tourism orientated development is concerned, whilst Elim and Waenhuiskrans/Arniston is being regarded as smaller towns with limited development potential as a result of their special historical nature. However, both of the latter mentioned towns also do have tourism development potential that can unlock opportunities for the communities living there.

It is furthermore envisaged that on completion of the Gansbaai/Bredasdorp tarred road via Elim it will unlock further development potential along that particular corridor. Should the road project be continued towards Malagas and the Breede River, further development along that node can also be expected.

A special focus on the part-commercialisation of the Air Force Airbase outside Bredasdorp and on the development of the southern most tip of Africa and the Agulhas lighthouse enclave as a particular tourism focal point.

5.3 Infrastructure Development

The municipality have **infrastructure** to provide water, electricity, sewerage and sanitation as well as solid waste management. However, the provision of adequate infrastructure in all of the above mentioned areas still remains a priority. Council must adopt a long term infrastructure roll-out plan for the next 15-20 years.

In terme van **grootmaatdienste** word daar ingevolge die differensiële groeistrategie benadering voorsien dat die hoogste groeikoers en toename van bevolking in die dorpe Struisbaai, Bredasdorp, L'Agulhas en Napier sal wees met laer verwagte aanvraag na dienste in die dorpe Arniston, Elim en Suiderstrand. Die voorsiening van grootmaatdienste moet dus dienooreenkomstig beplan word. Die Raad kan die volgende oorweeg vir implementering:

- Meesterbeplanning vir 'n 15-20 jaar tydperk vir snelgroeïende dorpe in terme van water en riool asook 'n waterdienste ontwikkelingsplan vir 'n 5 jaar termyn vir stadig groeiende dorpe moet opgestel word.
- Die formalisering van alle vaste afval stortingsterreine moet voltooi word.
- In terme van stormwater moet vloedlynbeplanning voltooi word en die verskuiwing van gesinne waar nodig moet beplan en deurgevoer word. Vloedlyn toepassings moet streng toegepas word en nuwe dorpsontwikkelings moet streng volgens vloedlyne goedgekeur word.

Infrastruktuur ontwikkeling ten opsigte van **pad, spoor, lug, openbare vervoer en hawens** moet ook aandag geniet. Die padvervoer infrastruktuur is relatief goed ontwikkel binne Kaap Agulhas gebied.

- Die opgradering van die Gansbaai - Elim – Bredasdorp pad sal die integrasie en toeganklikheid binne streeksverband verhoog, toerisme ontwikkeling stimuleer en bydra tot die ontwikkeling van Struisbaai as 'n primêre kUSDorp van die Suid-Kaapse streek.
- Geleenthede bestaan ook vir hawens ontwikkeling in Struisbaai en Arniston wat toerisme ontlokking verder sal stimuleer en die plaaslike arbeidsmag kan verbeter.

Die rol van vervoer veral ten opsigte van toerisme-ontwikkeling moet voorkeur geniet by toekomstige ontwikkeling- en beplanningsinisiatiewe. Ten einde uitvoering te gee aan die bogenoemde voorstelle moet die Raad:

- Geleenthede ondersoek om toeganklikheid vir toeriste te verhoog via pad-, spoor- en lugverbindings.
- Waar moontlik moet voorsiening gemaak word vir publieke toegang tot die kussone.
- Die potensiaal van die hawens by Arniston en Struisbaai vir kommersiële visvang en toerisme –ontwikkeling ondersoek.
- 'n Toegangsbestuursplan opgestel wat voorstelle bevat oor toegangsroetes, publieke parkeerareas, voertuig beperkingsones, ens vir veral die kussone.

5.4 Integrated Human Settlements

In terme van **geïntegreerde menslike nedersettings** maak die Ruimtelike Ontwikkelingsplan van die munisipaliteit voorsiening vir die volgende inligting vir die Raad om te oorweeg:

Strategie: Herstrukturering van die ruimtelike ontwikkelingspatroon deur die integrasie van voorheen benadeelde gemeenskappe, die uitwis van behuisingsagterstande en die toewysing van grond vir hoog, middel en lae inkomste behuising op die basis van die differensiële groeistrategie benadering.

Groepsgebiedebeplanning en die tekort aan ruimtelike integrasie van die stedelike raamwerk op die ligging van besigheidsgroenbruik het die volgende ongelykhede veroorsaak in KAM:

- Langer stapafstande vir die armes na die sentrale sakekern (**SSK**)
- Die ontstaan van tuisondernemings in voorheen-benadeelde gemeenskappe
- Die onbekostigbaarheid vir ontluikende besighede binne die SSK
- Die impak van onwettige sake (bv. Shebeens) binne voorheen benadeelde woonbuurte
- Die ontstaan van informele handelsgebiede in liggings wat onwenslik is weens gesondheids-en veiligheidsrisiko's

Ten einde uitvoering te gee aan die strategie vir geïntegreerde menslike nedersettings moet die Raad die voorstelle soos in die ROR uiteengesit oorweeg:

- Prioriteit moet verleen word aan die voorsiening van behuising vir voorheen benadeelde gemeenskappe op gebiede wat integrasie met verskillende gemeenskappe sal bewerkstellig.
- Residensiële gebiede moet pro-aktief geïdentifiseer word binne die stedelike grens vir alle inkomste groepe.
- Die tempo van ontwikkeling moet bestuur word deur middel van 'n grondvrystellingsbeleid wat daarop gemik word om behuising te voorsien in ooreenstemming met die groeistrategie vir elke dorp soos in **punt 4.3** hierbo genoem.

- Terwyl die meerderheid van die behuisingsagterstande in die lae inkomste kategorieë voorkom, moet middel en hoër inkomste behuisingsgebiede ook beskikbaar gemaak word as deel van 'n geïntegreerde strategie om:
 - Mense met hoër vaardigheidsvlakke te lok
 - Die belastingbasis te vergroot
 - **Voorheen benadeelde gemeenskappe te akkommodeer op publieke eiendom wat integrasie sal bewerkstellig, veral naby bestaande besigheidsgebiede en ander publieke fasiliteite**
 - Gemengde gebruikareas te voorsien
 - Om vir 'n verskeidenheid behuisingstipes, insluitende groepbhuising, skakelhuse, ryhuse, woonstelle en enkel woonhuse voorsiening te maak

During the month of February 2007 Cape Agulhas Municipality hosted a housing summit for the development of an integrated housing plan. A SWOT analysis as indicated by **table 18**, was done which identified the internal **strengths** and **weaknesses** as well as the external **opportunities** and **threats** with regard to housing development in the Cape Agulhas municipal area.

Table 18: SWOT Analysis with regard to Housing development

Internal Strong points	<ul style="list-style-type: none"> • Enough land available for housing development • SDF in place – indicating land for housing • Bulk services master plans completed • Housing service provider – contracted and expertise
Internal Weaknesses	<ul style="list-style-type: none"> • SDF needs updating • Funding for services • Manpower / capacity shortage in housing department • Planning period takes long vs delivery • No time frames are set • Contract of housing service provider has already expired
Opportunities	<ul style="list-style-type: none"> • Housing can create jobs and skills • Access to housing for GAP market • Land alienation to fund services for housing development • Better planning for integrated human settlements
Threats	<ul style="list-style-type: none"> • Not enough funding to eradicate backlogs • Environmental Impact Assessment (EIA) processes are cumbersome • NIMBY effects (many objections to low cost housing developments) • Municipal Infrastructure Grant (MIG) • Ever increasing building costs • Migration

Strategies identified to minimise the impact of the SWOT analysis on housing development are available in the Cape Agulhas Housing Plan. Proposed areas for integrated housing settlements are also identified in the housing plan.

5.5 Landbou Ontwikkeling

Die landbou sektor is een van die grootse bronne van werksgeleenthede binne die Kaap Agulhas munisipale gebied. 'n Behoeftes aan riglyne vir grondgebruikbestuur bestaan binne plaaslike regering om besluite aangaande grondgebruikverandering vanaf landbougebruik na nie-landbougebruik te rig. Die departement van Landbou vereis dat 'n grondgebruikbestuursbeleid opgestel word om waardevolle landbougrond te beskerm en te bewaar in die nastreef van volhoubare landbou.

- Die identifisering en kartering van primêre en unieke landbou gebiede kan daartoe bydrae om waardevolle landbou produksie areas te beskerm.
- Die volhoubare gebruik van landbou grond en hulpbronne moet bevorder word. Die landbousektor moet in ooreenstemming met die beginsels van “Land Care” natuurlike hulpbronne vir grondgebruik produksie doeleindes op 'n volhoubare manier aanwend met spesiale verwysing 'n watergebruik, weiding, verbouing en grondpotensiaal.
- Benewens die munisipale meent van Bredasdorp en Napier is daar geen noemenswaardige gebiede geïdentifiseer wat geskik is vir die inkorporering van **opkomende boere** nie.
- Die ontwikkeling van landbou-hoewes ('agri-holdings') kan 'n belangrike bydrae lewer tot plaaslike ekonomiese ontwikkeling vir landelike gemeenskappe tesame met die skep van geleenthede vir opkomende boere. Die Raad kan 'n rol in die fasilitering van die ontwikkeling van opkomende boere op landbou hoewes.
- Die implementering van 'n strategie vir opkomende boere moet gedoen word in ooreenstemming met die drie strategiese doelwitte van die Departement van Grondsake vir die Overberg Streek, naamlik:
 - Oordrag van 30% landbougrond aan voorheen benadeelde gemeenskappe
 - Verblyfreg vir plaaswerkers
 - Beplanning en ondersteuning
- Die onderverdeling van landbou-eenhede moet gerig word deur die volhoubaarheid van daardie eenhede. Ekonomiese landbou-eenhede moet behou word.

5.6 Natuurlike Omgewing

Die beskerming en bestuur van KAM se natuurlike omgewing en hulbronne is 'n groot prioriteit vir die Raad. 'n Opsomming KAM se siening ten opsigte van die natuurlike omgewing en hulbronne word hieronder beskryf:

- **Omgewingsbewaring**

Met betrekking tot beskermde gebiede moet alle natuurgebiede gekonsolideer word in 'n aaneenlopende bewaringsgrondeenheid ten einde biodiversiteit te beskerm asook die voorsiening van gemeenskapsondersteunende ekosisteedienste te bevorder.

- **Natuurlike Hulpbronne**

Die erkenning en bewaring van natuurlike hulpbronne as 'n fundamentele vereiste om volhoubare ontwikkeling binne KAM te verseker.

- **Water**

Die erkenning van die belangrikheid van water as hulpbron deur sinvolle bestuur van waterbronne en die effektiewe gebruik ten einde alle lewe in stand te hou en om voldoende water binne KAM te verseker.

- **Fauna en Flora**

Die behoud en uitbreiding van lewensvatbare skaars en bedreigde endemiese spesies en versekering dat die aksies binne CAPE / Agulhas Bio-Initiative (ABI), die aksies van die Wes-Kaap Natuursbewaringsraad, Suid-Afrikaanse Nasionale Parke en ander bewaringsinstansies doeltreffend in die streek gereël en ondersteun word.

- **Kulturele Historiese Erfenisse**

Erken en bewaar kulturele hulpbronne as fundamentele skakel met die verlede wat as basis dien vir die beplanning en vorming van toekomstige landelike en stedelike omgewings.

- **Landelike en Stedelike Ontwikkeling**

Die vestiging van 'n veilige, gesonde en estetiese aangename landelike en stedelike omgewing, met 'n argitektoniese en ruimtelike karakter wat die historiese en kulturele agtergrond van die streek in ag neem.

CHAPTER 6

GOOD GOVERNANCE

In order for any municipality to perform its functions in the best possible way there need to be a culture of good governance. Good governance can be seen as an approved way of governing that includes accountability, responsibility, transparency, efficiency, effectiveness and respect for the rule of law. Furthermore it is regarded as an effective state that involves civil society in policy making and allows the private sector to play a productive and independent role in the economy.

6.1 Good Governance Practices

Figuur 13 dui die belangrikste karaktertrekke van goeie regering aan. Dit verseker dat:

- korrupsie geminimaliseer word
- die sienswyse van minderheidsgroepe in ag geneem word
- die opinies van die mees kwesbare groepe in die samelewing gehoor word en
- daar op 'n simpatieke en deelnemende manier op die huidige en toekomstige behoeftes van die gemeenskap gereageer word.

Figure 13: Characteristics of Good Governance



Table 19 shows the Cape Agulhas Municipality's response to the characteristics of Good Governance

Tabel 19: Kaap Agulhas se reaksie op Goeie Regering

KARAKTEREIE SKAPPE VAN GOEIE REGERING	KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
<p>Publieke Deelname</p> <ul style="list-style-type: none"> • Deelname en publieke deelname van mans en vroue in die hele gemeenskap is die sleutel rugsteun van goeie regering. • Deelname kan plaasvind deur direkte skakeling met rolspelers en aandeelhouers of deur regmatige afgevaardigdes van verskillende strukture en instansies. • Deelname aan prosesse moet onderbou wees met goeie inligting 	<ul style="list-style-type: none"> • Wykskomitees is verkies en funksioneer in elke wyk deur maandelikse vergaderings te hou om insette te lewer en inligting te ontvang. • Kwartaallikse wyksvergaderings vind plaas in elke wyk. • Gereelde Imbizo's vind deur die jaar plaas om terugvoering te gee en insette te kry vir die GOP en Begrotingsprosesse.
<p>Rule of Law</p> <ul style="list-style-type: none"> • Goeie regering vereis regverdige wetlike raamwerke wat onpartydig afdwingbaar is. 	<ul style="list-style-type: none"> • Voldoening aan alle relevante wetgewing
<p>Effektiwiteit en Doeltreffendheid</p> <ul style="list-style-type: none"> • Goeie regering beteken dat prosesse en instansies die beste moontlike resultate lewer in die behoeftes van die gemeenskap met die hulpbronne wat beskikbaar is. • Dit sluit ook die volhoubare gebruik van natuurlike hulpbronne en die beskerming van die omgewing in. 	<ul style="list-style-type: none"> • Effektiewe aanwending van personeel om personeel te kort te spreek in die afwesigheid van beskikbare fondse vir vakante poste asook die volhoubare gebruik van natuurlike hulpbronne om in die behoeftes van die gemeenskap te voorsien.
<p>Gelykheid en Ingeslotenheid</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die welsyn van 'n gemeenskap sluit in dat alle lede van die gemeenskap voel hulle het 'n deel in die gemeenskap en nie uitgesluit word van die hoofstroom nie. • Dit vereis dat alle groepe, maar veral die mees kwesbare groepe die geleentheid het om hul welsyn te verbeter of te onderhou. 	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Omvattende publieke deelname proses word in KAM gevolg. • Verskeie geleenthede word aan die gemeenskap gebied om insette te lewer en bydraes te maak wat sal lei tot verbeterde dienslewering in KAM. • Kwesbare groepe word op verskillende maniere betrek deur afgevaardigdes asook geleenthede om self insette te lewer deur die bywoning van wyksvergaderings, media berigte, nuusbriewe ens. • Die insluiting van plaasgemeenskappe by die prosesse van die Raad word aangespreek deur wyksvergaderings en wykskomitee vergaderings. 'n Opname oor plaaswerkers was in die area deur ODM gedoen en is inligting oor KAM se landelike area ontvang wat beter beplanning vir die area bevorder. • KAM is ook betrokke by die menslike ontwikkelingsprogramme van die Distriksmunisipaliteit.
<p>Reagerend</p> <ul style="list-style-type: none"> • Goeie regering vereis dat instansies en prosesse alle rolspelers en aandeelhouers binne 'n redelike tyd moet bedien. 	<ul style="list-style-type: none"> • Die opvolg van en reaksie op klagtes is vir KAM 'n prioriteit • Ter verbetering word 'n elektroniese klagtestelsel ondersoek vir implementering
<p>Deursigtigheid</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dit vereis dat besluite wat geneem word en die uitvoering daarvan op 'n wyse gedoen word wat reëls en regulasies nakom. • Dit vereis ook dat inligting vrylik beskikbaar is en maklik bekombaar is vir diegene wie direk geaffekteer word deur besluite wat geneem en uitgevoer word. 	<ul style="list-style-type: none"> • Die uitvoering en toepassing van raadsbesluite word noukeurig gedoen • Onafgehandelde raadsbesluite word maandeliks hanteer • Delegasies is in plek • Die kode van goeie gedrag word toegepas • Inligting word vrylik beskikbaar gemaak deur maandelikse raadsagendas en notules op strategiese plekke vir die publiek te plaas. Relevante amptenare en raadslede kan ook vir inligting gekontak word.

<p>Konsensus georiënteerd</p> <ul style="list-style-type: none"> • Goeie regering vereis mediasie in die verskillende sieninge in die gemeenskap om 'n algemene konsensus te bereik oor wat die beste vir die hele gemeenskap sal wees en hoe om dit te bereik. • Dit vereis 'n wye en lang termyn perspektief vir wat nodig is vir volhoubare menslike ontwikkeling. Dit kan slegs bereik word deur die historiese, kulturele en sosiale konteks van die gegewe gemeenskap te verstaan. 	<ul style="list-style-type: none"> • KAM het 'n deelnemende GOP proses wat die hele gemeenskap betrek in die prioritering van behoeftes en projekte. Wykskomitees speel 'n belangrike rol in die verband. • KAM maak gebruik van 'n spesifieke kriteria om behoeftes uit die gemeenskap te prioritiseer • 'n Spesifieke kategorie is toegedeel aan menslike ontwikkeling met 'n spesiale fokus ook op plaaswerkers
--	---

From the above discussion it should be clear that good governance is an ideal, which is difficult to achieve in its totality. However, to ensure sustainable human development and an accountable government, actions must be taken to work towards this ideal with the aim of making it a reality.

6.2 Intergovernmental Relations

Cape Agulhas Municipality together with the other B-municipalities and the district municipality in the Overberg meet on a regular basis through different forums and interactions. These interactions include:

- IDP Co-ordinators Forum
- LED Co-ordinators Forum
- District IDP Forum
- District Co-ordinating Forum

During these interactions many generic issues are discussed and best practices are shared.

Interactions with other spheres of government also take place in the form of regular Local Government Medium Term Expenditure Committee meetings, engagements with provincial and national departments in terms of funding applications and assistance in different service delivery areas.

CHAPTER 7

STRATEGIC PRIORITIES

7.1 VISION AND MISSION

The vision of Cape Agulhas Municipality for the new Council are still relevant and remained unchanged. During a strategic session for Councillors and senior management in February 2007, a different mission was adopted.

Die Visie en Missie van Kaap Agulhas Munisipaliteit is as volg:

VISIE

Om deurlopend volhoubare effektiewe dienste aan alle inwoners en besoekers aan die gebied te lewer ten einde 'n gesonde en veilige omgewing te skep vir gelukkige gemeenskappe.

MISSIE

Ons streef na 'n sosiaal aanvaarbare, veilige en ekonomiese aktiewe omgewing ten einde gelukkige gemeenskappe daar te stel. Ons, Kaap Agulhas Munisipaliteit verbind ons tot:

- 'n goed opgeleide, gemotiveerde en toegeruste personeelkorps
- gedissiplineerde en deursigtige finansiële bestuur
- ontwikkelingsgerigte benadering
- optimale benutting, ontwikkeling en uitbreiding van hulpbronne
- opheffing van mense op alle sosiale vlakke en
- die lewering van bekostigbare en volhoubare dienste op 'n simpatieke wyse aan al ons kliënte

7.2 OVERARCHING DEVELOPMENT GOALS

The IDP Framework for the Overberg District as agreed upon by the five municipalities in the district determines that the IDP process on both district and local level must take cognisance of the existing policies and principles for integrated development in the Overberg. The Council of Cape Agulhas Municipality adopted the Local Government Strategic Agenda as the overarching development goals for their term in office. **Table 20** below depicts the overarching goals that were set and the outcomes to be achieved under each one:

Tabel 20: Oorhoofse Ontwikkelings Doelwitte en Uitkomst

DOELWIT	UITKOMSTE
1. Institutionele Transformasie en Organisatoriese Ontwikkeling	<ul style="list-style-type: none"> • Bevordering van die geïntegreerde implementering van interne beleide strategieë en werkswyse
2. Basiese Dienslewering	<ul style="list-style-type: none"> • Om die hele munisipale gebied op gelyke diensleweringvlakke te bring met spesiale fokus op die verbetering van die lewenstandaard van alle inwoners en besoekers.
3. Ekonomiese Ontwikkeling	<ul style="list-style-type: none"> • Volhoubare ontwikkeling wat gerig is op ontwikkeling wat die behoeftes van die huidige geslag bevredig sonder om die vermoëns van die toekomstige geslagte, om hul eie behoeftes te bevredig, in gedrang te bring.
4. Finansiële Stabiliteit en Lewensvatbaarheid	<ul style="list-style-type: none"> • Om munisipale finansiële hulpbronne op so 'n wyse te bestuur dat dit die volhoubaarheid van die munisipaliteit se bates en daaglikse aktiwiteite bevorder en te verseker dat finansiële beplanning en begrotingskoppeling effektief uitvoerbaar is
5. Goeie Regering	<ul style="list-style-type: none"> • Om 'n administrasie daar te stel wat publieke deelname op 'n deursigtige en rekenpligtige wyse verseker en inter-owerheidskaking bevorder.

7.3 STRATEGIES TO REACH THE GOALS

The Municipality will achieve the set goals and outcomes through a number of inter – related strategies and projects. During a strategic worksession the strategies in context

with the respective goals were agreed upon. **Table 21** below depicts these goals and strategies:

Tabel 21: Oorhoofse doelwitte en verwante strategieë

GOAL	STRATEGY	STRATEGY
1. Institutionele Transformasie en Organisasoriese Ontwikkeling	I1	Om die interne kapasiteit vandie organisasie te verhoog deur personeel aangeleenthede effektief aan te spreek.
	I2	Die ontwikkeling en hersiening van 'n geloofwaardige GOP vir Kaap Agulhas Munisipaliteit met verwysing na alle sferes van regering se strategieë en perspektiewe.
	I3	Die ontwikkeling en implementering van uitvoerbare en opgedateerde stelsels en beleide .
	I4	Om effektiewe algemene dienste te lewer binne die organisasie wat die dag tot dag funksionaliteit bevorder.
2. Basiese Dienslewering	B1	Om in samewerking met ander sferes van regering kwaliteit huise te lewer wat gebaseer is op geïntegreerde menslike vestigings .
	B2	Volhoubare bestuur en beplanning van waterbronne vir die voorsiening en suiwering van water .
	B3	Voorsiening en opgradering van sanitasie en rioolwerke .
	B4	Voorsiening en opgradering van vullisverwydering en vaste afval dienste.
	B5	Voorsiening, opgradering en instandhouding van paaië en strate
	B6	Voorsiening, opgradering en instandhouding van stormwater met spesiale fokus op die verbetering van die standaard van die lewensgehalte van alle inwoners in die gebied.
	B7	Voorsiening, opgradering en instandhouding van sypaadjies .
	B8	Volhoubare en bekostigbare bestuur van elektrisiteits verspreiding in alle dorpe en landelike gebiede
	B9	Die lewering van algemene dienste binne die gebied om sosiale en ekonomiese ontwikkeling te bevorder.
3. Ekonomiese Ontwikkeling	E1	Ekonomiese beplanning vir die gebied
	E2	Bevordering van toerimse
	E3	Bevordering van ontwikkelingsprojekte en waardetoevoegende bedrywe
	E4	Volhoubare omgewingsbestuur wat gebaseer is bio-streeksverwante beplanning
	E5	Bewaring, ontwikkeling en rehabilitasie van die natuurlike en verstedelike omgewing
	E6	Sosiale en menslike ontwikkeling vir ekonomiese groei
4. Finansiële Stabiliteit en Lewensvatbaarheid	F1	Om bekostigbare en volhoubare finansiële dienste te lewer in terme van wetgewing
	F2	Om inkomste bronne effektief te bestuur en in te vorder ten einde positiewe kontantvloei te verseker..

	F3	Om uitgawes effektief binne begrotingsperke te bestuur ten einde GOP doelwitte te bereik
5. Goeie Regering	G1	Om publieke deelname prosesse daar te stel om deursigtigheide en demokrasie te bevorder
	G2	Om interne en eksterne kommunikasie met alle rolspelers te bevorder
	G3	Om goeie verhoudinge en skakeling met alle regerings sfere te bevorder.

7.3 PROJECTS FLOWING FROM THE VARIOUS STRATEGIES:

In order for the strategies to be implemented it is important to identify projects within the particular framework to underpin the policy and guidelines described by them. As a result of the various changes during the new IDP cycle and to align with government strategies it is important to take cognisance of the different projects identified by the public to give effect to the overarching goals and strategies of the council.

Tabelle 22 - 26 toon die behoeftes aan soos deur die verskeie wykskomitees geprioritiseer is in elke wyk gedurende die publieke deelname prosesse in 2006. Verskeie van die prioriteite soos geïdentifiseer deur die gemeenskap het dieselfde gebly soos geïdentifiseer in vorige GOP publieke deelname prosesse. Dit dien as 'n aanduiding dat die probleem steeds bestaan of dat dit voortdurend groei.

Tabel 22: Wyk 1, Prioriteitsbehoefte geïdentifiseer deur wykskomitee

BEHOEFTE	AREA	PRIORITEITE 6= HOOGSTE, 1= LAAGSTE
Voorsiening van genoegsame water: Spanjaardskloof (fase2), Napier (bou van dam), Elim (Boorgatpomp)	Spanjaardskloof, Napier, Elim	6
Teer en opgradeer van Strate: Ford-, Geel-, Hertzogstraat, Krag-, Eskom-, Nu-unie-, Jan van der Byl-, Swart- en Tradestraat, landelike paaie tussen Spanjaardskloof na Boskloof en Elim, asook tussen Elim, Kersgat, Spanjaardskloof en Boskloof	Wyk 1,	5
Stormwater: Ford-, Geel-, Hertzog-, Krag-, Eskom-, Nu-unie-, Jan van der Byl-, Swart- en Tradestraat	Napier	4
Elektrisiteit: Spanjaardskloof, Donkerkollie in Elim vlak tussen Nuwestraat en Elim Te Huis en algemene opgradering in die hele Wyk	Wyk 1, Spanjaardskloof, Elim	3

Busskuilings en taxistaanplekke by elke plaas veral vir skoolkinders wat opgelaai moet word	Haasvlakte	2
Riolering: Uitbreiding en voorsiening van rioolnetwerk in Napier en Spanjaardskloof	Napier	1

(Geprioritiseer deur wykskomiteede van wyk 1 op 06 November 2006)

Wyk 1 se prioriteite is hoofsaaklik gerig op basiese dienste. Hierdie wyk sluit 'n groot landelike gebied in wat steeds gebuk gaan onder 'n gebrek aan infrastruktuur vir die lewering van veral water, behoorlike riolering en elektrisiteit.

- Die opgradering en instandhouding van strate in die area is een van die grootste uitdagings vir die Raad. Die hoë koste verbode aan strate strem vinnige en effektiewe dienslewering in die verband.
- Die Raad spandeer jaarliks 'n groot gedeelte van die kapitaalbegroting op strate in die hele Kaap Agulhas Munisipaliteit, maar as gevolg van beperkte finansiële bronne word daar jaarliks slegs aandag gegee aan 'n beperkte aantal strate.

Tabel 23: Wyk 2, Prioriteitsbehoefte geïdentifiseer deur wykskomitee

BEHOEFTE	AREA	PRIORITEITE 6= HOOGSTE, 1= LAAGSTE
Identifisering van grond vir Behuising in Wyk 2 in Bredasdorp	Bredasdorp	6
Teer van ingangspad na skemahuse op Protem	Protem	5
Teer van toegangspad na Klipdale	Klipdale	4
Spoedwalle in Rivier-, Skool-, Golf-, en Ou Meulestraat (tussen Skool- en Rivierstraat) asook 'n voetorgang tussen die Windmeul en Best Price Store in Ou Meulestraat	Bredasdorp	3
Alle sypaadjies in Wyk 2 moet opgegradeer word en spesifiek Parkstraat	Wyk 2	2
Voorsiening van suigtenke vir die onderste ry huise in Klipdale om die bou van badkamers moontlik te maak.	Klipdale	1

(Geprioritiseer deur wykskomiteede van wyk 2 op 23 Oktober 2006)

- Tydens die prioritisering van behoeftes in wyk 2 het dit duidelik geblyk dat **behuising** in Klipdale en Protem 'n baie hoë prioriteit vir die wyk is aangesien daar verskeie huisgesinne is wat in een klein huisie saam woon. Dit benadruk die probleem van behuising en lei ook tot verskeie sosiale en maatskaplike probleme. Inwoners van Klipdale en Protem is die enigste in die Kaap Agulhas munisipale gebied wat nog nie

selfbouhuise of laekoste behuising ontvang het nie. Inwoners in die gebied woon in skakelhuse en huise wat aan die ko-operasie behoort.

- Volgens die ruimtelike ontwikkelingsraamwerk van Kaap Agulhas munisipaliteit is rol van Klipdale en Protem binne 'n oorhoofse Munisipale perspektief die van 'n landelike nedersetting met beperkte residensiële funksie wat ook 'n rol kan speel in die beoordeling van huise wat in die verskillende dorpe geallokeer word.
- Daar ook 'n baie sterk aanvraag vir laekoste behuising in Wyk 2 in die Bredasdorp area. Dit verskaf vir die raad 'n goeie aansluitingspunt om met geïntegreerde menslike nedersettings te begin aangesien laekoste behuising in die Bredasdorp area slegs in een spesifieke wyk (wyk 3) verskaf word.
- Die raad is tans in die proses om badkamers aan te bou vir persone wat in skemahuise woon en wat buite toilette het. Inwoners van Klipdale wil ook graag in aanmerking kom vir die projek, maar as gevolg van die gradiënt wat te skuins is bemoeilik dit die rioolaansluiting. 'n Moontlike oplossing is om elke huis van 'n afsonderlike suigtenk te voorsien of om 'n gemeenskaplike suigtenk te hê waar al die huise se riool kan aansluit.

Tabel 24: Wyk 3, Prioriteitsbehoefte geïdentifiseer deur wykskomitee

BEHOEFTE	AREA	PRIORITEIT 6= HOOGSTE, 1= LAAGSTE
Bou van 'n brug oor die Droërivier tussen Golfstraat en Baadjesstraat vir vinniger toegang tydens noodsituasies en om veiligheid te bevorder	Selfbou, Volstruiskamp	6
Verskuiwing van die waterpyplyn tussen huise in Hibiscuslaan na sypaadjie om skade aan huise wat veroorsaak word deur gedurige waterpyp brekasies te voorkom.	Volstruiskamp	5
Teer van strate vir nuwe uitbreiding in Zwelitsha	Zwelitsha	4
Maspale met spreiligte vir beligting van donkerkollie by die sokkerveld agter die slagpale , tussen die brug by die Droërivier en die substasie voor die naderende kersseisoen	Kleinbegin, Selfbou	3
Vier Houers ('Containers') - een in elke deel van die wyk om tuinvullis in te sit	Wyk 3	2
Spoodwalle in Bell-, Padiachy-, Meyer-, Langstraat en in Zwelitsha	Selfbou, Volstruiskamp, Zwelitsha	1

(Geprioritiseer deur wykskomitee van wyk 3 op 07 November 2006)

Met die uitsondering van die houers vir vullis is die behoeftes van wyk 3 soos geprioritiseer almal reeds voorheen tydens GOP prioriteringsprosesse geïdentifiseer. Verskeie spoedwalle is aangebring, alhoewel daar steeds paaie is wat onveilig is.

- Inwoners het baie sterk gereageer op die behoefte aan 'n brug oor die Droërivier soos uitgewys in die prioritisering. Die behoefte is al verskeie kere onder die raad se aandag gebring en raak die behoefte toenemend dringender.
- Die teer van strate en spoedwalle is 'n algemene verskynsel in byna al die wyke.
- Veiligheid van inwoners is 'n hoë prioriteit vir die wyk en is voorstelle ingedien om moontlike gevaarsones veiliger te maak. Die beligting van donkerkolle, die brug oor die Droërivier en die spoedwalle speel 'n belangrike rol in die verband.

Tabel 25: Wyk 4, Prioriteitsbehoefte geïdentifiseer deur wykskomitee

BEHOEFTE	AREA	PRIORITEIT 6= HOOGSTE, 1= LAAGSTE
Vergroting van Ons Huis met 4 slaapkamers, stoep en sitkamer		6
Opgradering en behoorlike instandhouding van bestaande munisipale publieke toilette		5
Lay-buys met aftrekplek		4
Toerbus parking (bv parkie langs elektrisiteitsdepartement)		3
Informele smousarea met fasiliteite		2
Teer van grondpad in industriële gebied		1

(Geprioritiseer deur wykskomitee van wyk 4 op 23 November 2006)

Wyk 4 het 'n sterk fokus op ekonomiese ontwikkeling getoon in die prioritisering van die wyk se behoeftes.

- Die informele smousarea soos geïdentifiseer kan 'n groot aanwinst wees vir kleinskaalse ekonomiese aktiwiteite en handel.
- In terme van toeganklikheid vir bejaardes en gestremdes en ander inwoners van Ons Huis is die opgraderingsprojek van die tehuis 'n sprekende voorbeeld om menslike en sosiale ontwikkeling te bevorder.

Tabel 26: Wyk 5, Prioriteitsbehoefte geïdentifiseer deur wykskomitee

BEHOEFTE	AREA	PRIORITEIT 6= HOOGSTE, 1= LAAGSTE
Teer en opgradering van strate in Arniston (Roman- en Huxhamstraat, Dorpstraat), Struisbaai Noord (lae koste behuisingarea en alle ander paaie), Struisbaai (Mosselstraat en toegangspad na tennisbaan) en Suiderstrand (Vleilaan en Seemansweg), Gruitpad tussen Arniston en Bredasdorp (Wyk 5)	Wyk 5 - Arniston, Struisbaai Noord, Struisbaai, Suiderstrand	6

Stormwater in Arniston (lae koste behuisingsarea, laagliggende gebiede) en Struisbaai Noord (3de-, 5de, 6de Laan, Seemeeusingel, Dikkop-, Fisantstraat, Andrewsteeg en hoek van Seemeeusingel en Vinkstraat)	Arniston, Struisbaai Noord	5
Diens van erwe in Kassiesbaai	Arniston	4
Watervoorsiening: Verbetering van waterdruk en gehalte van drinkwater in hele wyk	Wyk 5 - Arniston, Struisbaai Noord, Struisbaai, L'Agulhas Suiderstrand	3
Verskuiwing van rioolstasie weg van residentiële area	Struisbaai Noord	2
Voltooiing van Krag aansluiting op erwe	Suiderstrand	1

(Geprioritiseer deur wykskomiteede van wyk 5 op 02 November 2006)

Wyk 5 het 'n baie sterk fokus op basiese dienslewering in terme van strate, stormwater en watervoorsiening in die hele gebied.

- Strate en stormwater probleme in veral Struisbaai-Noord en Arniston veroorsaak toenemende probleme vir inwoners en is hoog op die prioriteitslys van behoeftes wat aangespreek moet word. Soos tevore genoem is dit 'n algemene probleem vir die raad en prioritiseer die raad jaarliks om met die beperkte hulpbronne verligting te bring aan die probleem.
- Die diens van erwe in Kassiesbaai is as 'n hoë prioriteit deur die wyk gelys aangesien grootmaat infrastruktuur vir die lewering van basiese dienste ontbreek. Kassiesbaai is egter private grond wat dienslewering deur die munisipaliteit aan die area in 'n groot mate strem.

Verskeie behoeftes was deur beide die gemeenskap en die verskille departemente binne die gemeenskap geïdentifiseer tydens die publieke deelname proses vir die GOP en Begroting. 'n Volledige lys van behoeftes wat deur die publiek en bestuur geïdentifiseer was word getoon in **Addenda A en B**. Tydens die KAMAF vergadering het verteenwoordigers van die onderskeie wykskomitees al die gemeenskapsprojekte wat in die wyke geprioritiseer is, soos aangedui in **tabelle 22-26** verder geprioritiseer. **Tabel 27** dui die prioriteitsbehoefte aan soos deur KAMAF lede geprioritiseer is. Die prioriteringsmetode en kriteria wat gebruik was dien as 'n goeie aanduiding vir die Raad ten opsigte van doeltreffende belyning tussen die begroting, behoeftes van die gemeenskap en oorhoofse doelwitte van die Raad.

Tabel 27: KAMAF Prioritiserings, 29 November 2006

Wyk	Basiese Dienste: BEHUISING	AREA	BERAAMDE BEGROTING	PRIORITEIT 6= HOOGSTE 1= LAAGSTE	TOTAAL - WYK 1	TOTAAL - WYK 2	TOTAAL - WYK 3	TOTAAL - WYK 4	TOTAAL - WYK 5	GROOT TOTAAL
2	Identifisering van grond vir Behuising in Wyk 2 in Bredasdorp	Bredasdorp		6	30	36	26	34	26	152
5	Watervoorsiening: Verbetering van waterdruk en gehalte van drinkwater in hele wyk	Wyk 5 - Arniston, Struisbaai Noord, Struisbaai, L'Agulhas Suider-strand	Struisbaai Reservoir =R173600 Sbaai Hooftoevoer = R256 500 L'A Versagting = R40 000 L'A Hooftoevoer = R641 000 Suiderstrand Bron = R150 000	3	24	33	36	26	36	155
5	Verskuiwing van rioolstasie weg van residentiële area	Struisbaai Noord	Osoon R 150 000	2	25	32	36	25	36	154
1	Voorsiening van genoegsame water: Spanjaardskloof (fase2), Napier (bou van dam), Elim (Boorgatpomp)	Spanjaardskloof, Napier, Elim	SPJ - R213 026 EIA Nap - R35000, Dam Nap = R5000000, Elim = R30 000	6	26	30	34	28	34	152
2	Voorsiening van suigtenke vir die onderste ry huise in Klipdale om die bou van badkamers moontlik te maak.	Klipdale	Suigtenke= R 160 000	1	23	32	34	13	34	136
4	Opgradering en behoorlike instandhouding van bestaande munisipale publieke toilette			5	25	25	30	25	30	135

5	Stormwater in Arniston (lae koste behuisingsarea, laagliggende gebiede) en Struisbaai Noord (3de-, 5de, 6de Laan, Seemeeusingel, Dikkop-, Fisantstraat, Andrewsteeg en hoek van Seemeeusingel en Vinkstraat)	Arniston, Struisbaai Noord	WHK Selfbou = R180 000 Struisbaai 3de, 5de = R2 900 000	5	19	24	35	17	35	130
